2025

# Geen Jota of Titteltjie...

VERGELD KWAAD MET KWAAD ÓF DRAAI DIE ANDER WANG

WANT, DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE...

RAASBLAAR | www.daarstaanookgeskrywe.co.za

Exodus 20 se opskrif is 'Die wet van die Here', en dan volg die tien gebooie. Die opskrifte is deur mense daar ingeskryf, maar ons is besig met die Woord van God en stel nie belang in wat mense sê nie. So, wat se saad word daar dan in almal se gedagtes gesaai as ons dié opskrif lees? *'Die wet van die Here'* is die tien gebooie. Is dit so? Nee, dit is nie so nie. Nêrens staan daar die wet van Yahweh is die tien gebooie nie, maar hierdie gedagte kom in ons almal se gedagte, en dit beïnvloed ons gedagte.

As jy nou ooit 'n kerk-ling was, dan was die tien gebooie vir jou elke Sondag gelees – en hoe begin dit? By vers een? Nee, by die opskrif: *Die wet van die Here*, en dán vers een. So, dit is ingeprent.

Exodus 20:3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
Exodus 20:4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
Exodus 20:7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie
Exodus 20:8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.
Exodus 20:12 Eer jou vader en jou moeder
Exodus 20:13 Jy mag nie doodslaan nie.
Exodus 20:14 Jy mag nie egbreek nie.
Exodus 20:15 Jy mag nie steel nie.
Exodus 20:16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
Exodus 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Is die tien gebooie nog van krag? Is dít die wet van Yahweh? Is dit die ewige, onveranderlike wet van Yahweh, want dit word gesê? Daar is mense wat onder die wet wil wees, en hulle sê dit is die wet. Wat is die wet? Die wet is nie iets wat jy kan aanpas en wat jy mee kan speel nie. Toe die volk die wet gekry het by Sinai, wou hulle doodgaan toe dit net aan hulle gelees is, maar ons is vandag so 'magtig en kragtig' dat ons dink ons kan dit aanpas...

Nog 'n gedeelte wat deur die mense wat onder die wet wíl wees, aangehaal word om te sê ons is nog onder die wet en dat die wet nooit verby sal gaan nie, is in Matthéüs 5:

Matthéüs 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Wat kom nou in ons gedagtes op? *Die wet van die Here, Exodus 20, die tien gebooie.*

...*Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul – so, Ek het nie gekom om dit tot niet te maak nie, maar Ek het iets anders kom doen: Ek het dit kom vervul.*

Matthéüs 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Wat gebeur nou in ons gedagtes nadat ons nou geïndoktrineer is deur die persone wat dit vir ons in die kerk lees? Want, nou lees ons dit só: *Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal die tien gebooie nooit verbygaan nie* – maar, dit is nie wat hier staan nie. Hier staan: *sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*

Matthéüs 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek...

Wat is die minste van die gebooie? Nou gaan ons weer na die tien gebooie toe en dan kyk ons wat is die minste van die gebooie.

...Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie *(dit is die jota en titteltjie van die wet)* breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

*...breek en die mense só leer* – wat beteken dit? Dit beteken as ek die wet vat en sê: *nee, hierdie wet is nie meer van toepassing nie, haal hierdie wet uit; dit is nie vir my 'n belangrike wet nie, haal hom uit* – dan sal jy die minste genoem word in die koninkryk van die hemele.

*...maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.* Wat is die wet?

Deuteronómium 4:1 Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem.
Deuteronómium 4:2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

Wat sê Yahshua in Matthéüs? Jy mag niks bysit en niks wegneem nie. *...Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* En dan gaan Yahshua aan en Hy sê:

Matthéüs 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie (Exodus 20:13 Jy mag nie doodslaan nie.), maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.

Matthéüs 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

Matthéüs 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. (Exodus 20:14 Jy mag nie egbreek nie.)
Matthéüs 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

Is Yahshua nou besig om by die wet by te sit?

Matthéüs 5:31 Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee. (Deuteronómium 24:1-4)
Matthéüs 5:32 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.
Matthéüs 5:33 Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. (Exodus 20:16, Levitikus 19:12)
Matthéüs 5:34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is;

Is Yahshua nou besig om by die wet by te voeg, want dit is wat die mense wat onder die wet wil wees, sê. Hulle sê Yahshua het dit kom beter maak, kom uitbrei, kom groter maak. Maar toe Vader vir hulle die wet gegee het, het Hy gesê: *julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie.* Het Yahshua bygevoeg, want dan het Hy die wet gebreek? *...en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.* Goed, wat moet jy onderhou? Alles. Nou sê ons Yahshua het sommiges vervul, ons hou dit nie. So, nou breek Hy die wet twee keer, Hy sit by én Hy vat weg. Hy sê jy hoef nie meer pasga te hou nie, en jy mag nie vir jou broer kwaad wees sonder 'n rede nie. So, Hy sit by en Hy vat weg – Hy breek die wet. Deuteronómium 4:2 is die wet van die wet: jy mag nie die wet verander nie.

Nou, watter deel van die wet was hulle verplig om te hou?

Deuteronómium 4:13 Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe.
Deuteronómium 4:14 Ook het die HERE my in dié tyd bevel gegee om julle die insettinge en verordeninge te leer, dat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem.

So, wat sê Moses hier? Hulle moet die tien gebooie, die insettinge en die verordeninge leer sodat hulle dit kan doen in die land waarheen hulle oortrek. Wat sê Matthéüs 5? Ek het nie gekom om die kleinste wet, die jota of die titteltjie, te verander of weg te vat nie.

Deuteronómium 4:40 En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die HERE jou God jou vir altyd sal gee.

Watter deel van die wet moet ons hou? Die gebooie én die insettinge én die verordeninge. As jy onder die wet wil wees, watter deel moet jy hou? Die tien gebooie? Nee, jy mag niks wegvat nie – ons moet dit sien. Wie maak die reëls? Ons wil onder die wet wees: nou doen jy aansoek en jy word goedgekeur, en die koning sê *jy mag onder die wet wees*. Nou sê ek *goed, maar ek doen dit op my voorwaardes*. Nou sê Hy *nee-nee, as jy die wet wil hou, dan moet jy dit hou op die wet se voorwaardes*. Dit is 'n geheel, dit is alles of dit is niks – jy kan nie kies nie.

Deuteronómium 5:31 Maar jy *(Moses)*, bly hier by My staan, dat Ek jou kan meedeel al die gebooie en die insettinge en die verordeninge wat jy hulle moet leer, dat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle sal gee om dit in besit te neem.
Deuteronómium 5:32 Sorg dan dat julle doen soos die HERE julle God julle beveel het; *julle mag nie regs of links afwyk nie*.

Watter deel van die wet kan ek aanpas, watter deel kan ek verander? Nul, niks! Die oomblik wanneer jy iets uit die wet uithaal, dan breek jy die hele stelsel, want jy breek die eerste wet van: jy mag niks bysit en jy mag niks uithaal nie. As jy die wet wil hou, dan moet jy alles hou. Nou sê mense *ja maar, sommige van die wette is vervul* – waar staan dit? Dit staan nie daar nie. My logika sê vir my daar is sekeres wat ek nie kan hou nie: ek kan nie in die tempel gaan offer nie, want 'n priester moet vir my offer – en daar is nie 'n tempel nie en daar is nie 'n priester nie. So, ek kan nie, maar dit sê nie die wet is weg nie – die hele wet moet gehou word.

Deuteronómium 6:1 Dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die HERE julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem;

Watter deel van die wet? Alles.

Deuteronómium 6:17 Julle moet die gebooie van die HERE julle God en sy getuienisse en sy insettinge wat Hy jou beveel het, ywerig onderhou.

Watter deel? Almal.

Deuteronómium 6:25 En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.

Jy mag niks wegvat nie.

Deuteronómium 7:11 Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring.

Deuteronómium 8:1 Al die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die HERE aan julle vaders met 'n eed beloof het.

Ál die gebooie.

Deuteronómium 8:11 Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie;

Álmal. Hy gaan nog aan…

Deuteronómium 11:8 Onderhou dan al die gebooie wat ek jou vandag beveel, dat julle sterk kan wees en inkom en die land in besit neem waarheen julle oortrek om dit in besit te neem,

Deuteronómium 11:22 Want as julle ywerig al hierdie gebooie hou wat ek julle beveel, om dit te doen deur die HERE julle God lief te hê, in al sy weë te wandel en Hom aan te hang,

Deuteronómium 11:23 dan sal die HERE al hierdie nasies voor julle uit verdrywe, en julle sal groter en magtiger nasies as julle uit hulle besitting verdrywe.

...*Want as julle ywerig ál hierdie gebooie hou* – almal, nie die wat ek besluit het nog geldig is nie.

Deuteronómium 11:32 Onderhou dan sorgvuldiglik al die insettinge en die verordeninge wat ek julle vandag voorhou.

Deuteronómium 12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

As jy onder die wet wil wees, is dit wat moet gebeur. As jy één jota of titteltjie breek, is jy aan die hele wet skuldig – jy moet almal hou. Net vir interessantheid gaan ek so 'n paar wette aanhaal vir die mense wat die wet wil hou en sê *maar, daai is vervul en daai is nie vervul nie,* besluit self: is hierdie vervul of gaan jy dit hou...

Deuteronómium 15:1 Aan die einde van sewe jaar moet jy 'n kwytskelding laat plaasvind.
Deuteronómium 15:2 En dit is die saak van die kwytskelding *(dit is wat jy moet doen)*: elke skuldeiser moet kwytskeld wat hy aan sy naaste geleen het; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want tot eer van die HERE is daar 'n kwytskelding uitgeroep.

As jy mense ken wat onder die wet wil wees, vra vir hulle of hou hulle by hierdie wet. Jy leen vir iemand iets, jy leen dalk vir hom 'n huis om in te bly – hy het nie 'n huis nie en jy het 'n paar en jy sê goed, bly in die huis. Hy kry jou nie terugbetaal nie, hy het nêrens om heen te gaan nie, en nou is dit aan die einde van sewe jaar – en wat gebeur? Dit word sy huis. Of hy leen by jou geld om 'n huis te koop – en wat doen jy met die skuld ná sewe jaar? Jy skryf jy dit af. *Onderhou ál My gebooie* – dit is een van Sy wette; jy moet dit doen. Doen hulle dit? *Nee, ek wil net die ligtes doen*...

Deuteronómium 17:2 As by jou, in een van jou poorte wat die HERE jou God jou sal gee, 'n man of 'n vrou gevind word wat doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God deur sy verbond te oortree,
Deuteronómium 17:3 en ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig, en voor die son of die maan of die hele leër van die hemel—wat Ek nie beveel het nie—
Deuteronómium 17:4 en dit aan jou vertel word, en jy dit hoor, dan moet jy terdeë ondersoek instel, en as dit waarheid is, staan die saak vas, is hierdie gruwel in Israel gedoen,

So, wat sê die wet? Iemand kom na jou toe en sê vir jou: *weet jy, Koos wat daar op die hoek bly is 'n Moslem.* Wat sê die wet moet jy doen? Jy moet gaan uitvind:

...en dit aan jou vertel word, en jy dit hoor, dan moet jy terdeë ondersoek instel, en as dit waarheid is, staan die saak vas, is hierdie gruwel in Israel gedoen,
Deuteronómium 17:5 dan moet jy dié man of dié vrou wat hierdie verkeerde ding gedoen het, na jou poorte uitbring—die man of die vrou—en jy moet hulle stenig, dat hulle sterwe.

Wie moet dit doen? Jý moet dit doen, die ou wat nou net gaan kyk het of dit so is, jy moet dit doen, jy moet hulle stenig dat hulle sterwe – hierdie is 'n gebod.

Deuteronómium 17:6 Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie.
Deuteronómium 17:7 Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

Piet kom na jou toe en hy sê vir jou *weet jy dat Koos wat daar op die hoek bly, 'n Moslem is?* Jy sê *nee, ek het nie geweet nie.* Nou sê die wet jy moet gaan kyk. Nou gaan kyk jy en jy sien dit is so – jy word die getuie. Nou sê die wet jy is die getuie, jy moet die eerste klip optel; die wet sê dit. Elke jota en titteltjie... *Geen jota of titteltjie van die wet sal ooit verbygaan nie.* Hoeveel mense in jou familie ken jy wat ander gode dien? Jy moet hulle doodgooi! Nie die priester nie, jý moet. Jy is die getuie – as jy hoor iemand doen dit, is jy die getuie en jy moet die eerste klip optel. As jy dit nie doen nie, breek jy die wet. *Maar ons wíl die wet hou*... Hoekom plaas ek hierdie? Want Yahshua se offer het dit nie vervul nie, dit is nie 'n offer-wet nie.

Deuteronómium 21:18  As iemand ‘n koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie,
Deuteronómium 21:19  dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek,
Deuteronómium 21:20  en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons stem nie, hy is ‘n deurbringer en dronkaard.

Ken jy sulke mense? Is daar sulke kinders in ons land?

Deuteronómium 21:21  Dan moet al die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe.

Dit is 'n wet, dit is nie 'n opsie nie. As jou kind wederstrewig is en hy is koppig  en hy luister nie na jou nie, dan móét jy hom na die oudstes toe vat en dan móét die manne van die stad hom stenig, dat hy sterwe.

...So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei, en die hele Israel sal dit hoor en vrees.

Is dit keuse? Dit is 'n gebod. *Hou My gebooie…* Ek wil onder die wet wees: daar is vir jou ‘n wet, jy moet dit doen.

Deuteronómium 22:8  As jy ‘n nuwe huis bou, moet jy ‘n leuning aan jou dak maak, sodat jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand daarvan afval nie.

Ek het nog nie so ‘n huis gesien nie. As jy iemand ken wat onder die wet wil wees, sê net vir hom *jy beter jou huis verander,* want as iemand op die dak is en hy gly af, dan moet hy nie aan die geut hang nie. Jy moet daar 'n leuning aan die dak maak om te keer dat hy afval. Dit is 'n gebod, ‘n jota en ‘n tittel.

Deuteronómium 22:9  Jy mag in jou wingerd nie twee soorte saad saai nie, anders verval die volle opbrings aan die heiligdom: die saad wat jy saai en die opbrings van die wingerd.
Deuteronómium 22:10  Jy mag nie met ‘n os en ‘n esel tegelyk ploeë nie.
Deuteronómium 22:11  Jy mag geen gemengde stof, wol en linne tegelyk, aantrek nie.

Geen gemengde stof. Ons koop maar net wat in die winkel is, van China. Wat sit hulle daarin? Wat die goedkoopste is.

Deuteronómium 22:12  Klossies moet jy vir jou maak aan die vier hoeke van jou kleed waar jy jou mee toemaak.

Ek het al sulke mense gesien. Maar, elke persoon wat onder die wet wil wees wat een van die wette hou, waar is jou klossies? *Nee, dit is vervul met die Offer…* Die Offer het dit nie gedek nie.

Deuteronómium 24:19  As jy jou oes op jou land insamel en ‘n gerf op die land vergeet, mag jy nie omdraai om dit te gaan haal nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees, dat die HERE jou God jou kan seën in al die werk van jou hande.

Is dié net ‘n goeie idee? Is dit ‘n keuse? Dit is 'n gebod.

Deuteronómium 24:20  As jy jou olywe afslaan, moet jy nie agter jou in die takke rond soek nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees.
Deuteronómium 24:21  As jy jou wingerd oes, moet jy agter jou nie skoon afoes nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees.

Is dit, soos die mense wat onder die wet wil wees, boer?

Deuteronómium 25:5  As broers bymekaar woon en een van hulle sterwe sonder dat hy ‘n seun het, dan mag die vrou van die oorledene nie daarbuite ‘n vreemde man s’n word nie; haar swaer moet by haar ingaan en haar as sy vrou neem en die swaershuwelik met haar sluit;

Weet jy van iemand wat dit doen? Nee, niemand nie. Dit is 'n gebod. Dit is 'n bitter pil om te sluk vir die wat onder die wet wil wees, want hierdie is nie vervul as 'n offer-wet nie.

Deuteronómium 25:11 As manne met mekaar veg, die een met die ander, en die een se vrou aankom om haar man te red uit die hand van die een wat hom slaan, en haar hand uitsteek en hom by die skaamdele gryp,
Deuteronómium 25:12 dan moet jy haar hand afkap; jou oog mag nie verskoon nie.

Is dié deur die kruis opgehef? Dit het mos nou niks met die offer-wette te doen nie? So, dit is nog 'n wet wat staan. Weet ons dit? Ons onderhou net die wette waarvan ons hou, die maklikes... Ons kom by die gedeelte van die seëninge, en dan sê ons: *ja, lees dit vir my, maar die ander vreemde goed, moet dit nie eens vir my noem nie...*

So, as ons nou weer kyk en ons lees 'Die wet van die Here', dan weet ons: dit is elke jota en tittel. Het dit verbygegaan? Is ons nog onder die wet, of is ons nie? Dit is 'n geheel. Dit is soos om in 'n land te wees; jy is óf in Suid-Afrika óf in Amerika, maar jy is nie in altwee nie – jy kan nie in altwee tegelykertyd wees nie. Jy is óf onder die hele wet, óf jy is onder geen wet nie.

Die mense wat dan onder die wet wil wees sal dan kinderagtige aanmerkings maak soos: *so, as ek nie onder die wet is nie, beteken dit nou ek mag steel?* Nee. Hoekom is dit die enigste bron van gesag? Is daar nie 'n ander bron van gesag nie? As ek in Suid-Afrika bly en ek steel, wat gebeur? Hulle vat my hof toe en dan kry ek tronkstraf. Nou immigreer ek Amerika toe, geld Suid-Afrika se wette dan nog vir my? Nee. *Jippie! Dit beteken ek kan dan nou maar steel?* Dit is hoekom dit so 'n kinderagtige aanmerking is. So, ek is in Amerika en 'n polisieman vang my steel en ek sê vir hom: *ek is nie onder die wet van Suid-Afrika nie.* Die polisieman sal vra: *wat bedoel jy? Jy is nou onder die wet van Amerika en die wet van Amerika verbied jou om te steel* – dit het niks met die wet van Suid-Afrika te doen nie, jy word aangekla volgens die wet van Amerika en jy gaan na die tronk van Amerika toe.

As ek nie onder die wet van Moses is nie, is daar dalk 'n geval dat ek onder 'n andere kan wees? Ja. Watter wet? Die wet van die Nuwe Verbond. Die wet van Moses is die wet van die Ou Verbond. Ek is nie onder die Ou Verbond nie, ek was nie by Sinai nie. Ek is onder die Nuwe Verbond, en die Nuwe Verbond het 'n nuwe Hoëpriester. Die Ou Verbond het 'n hoëpriester gehad, Aäron; en hy het vier seuns gehad, en hulle was priesters saam met hom. Een van hulle ná hom was hoëpriester – twee van hulle is dood, maar die ander twee het aangegaan en in daai twee dooies se plekke is twee ander aangestel. En uit hulle uit is die nuwe hoëpriester gekies – die oomblik wanneer die hoëpriester doodgaan, dan word 'n ander een gekies in daai geslag van Aäron. Dit is die orde van Aäron – uit die hoëpriester kom die volgende hoëpriester.

En toe kom Yahshua en Hy is Hoëpriester, maar Hy is nie uit die geslag van Aäron nie. Hoekom? Aäron was uit die geslag van Levi, en Yahshua uit die geslag van Juda. So, kan Hy hoëpriester wees? Nee, Hy sal die wet oortree, Hy kan nie hoëpriester wees nie. Maar, met die verandering van priesterorde kom daar ***noodsaaklik*** ook verandering van wet. Yahshua is nie Hoëpriester van die wet van Moses nie. Hoekom nie? Want dan is Hy 'n onwettige hoëpriester – Hy mag dit nie wees nie, want Hy is nie uit die geslag van 'n Aäron nie. So, daar is 'n ander wet. Wat is die nuwe wet?

*...Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle uit Egipte gelei het nie, maar dit is My verbond wat ek na die dae met Israel en Juda sal sluit: Ek sal My wette in hulle harte gee en dit in hulle verstand skryf...*

Wat sê die mense wat onder die wet wil wees? *Aha! Dit is die wet van Moses.* Kan dit die wet van Moses wees? Nee, want die Hoëpriester van die Nuwe Verbond is Yahshua – Hy mag nie, dit is onwettig, Hy sal Sy eie wet breek; Hy mag dit nie doen nie. Maar, dit is 'n nuwe wet. So, as Yahshua sê: *daar was gesê jy mag nie doodslaan nie, maar Ek sê vir julle* – dan is dit 'n ander wet. Dit is nie 'n verandering van die wet van Moses nie, want Hy mag nie Hoëpriester wees van die wet van Moses nie.

Kom ons gaan nou terug daar na Matthéüs 5 toe dat ons daai gedeelte kan afhandel en sien wat is Sy wet – wat bedoel Hy nou, want Hy het gesê geen jota of titteltjie van die wet sal ooit verbygaan nie.

Matthéüs 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet *(van Moses)* of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om *(die wet van Moses)* te ontbind nie, maar om te vervul.

Die wet van Moses is profeties, en Yahshua is die vervulling daarvan. So, Yahshua sê *die wet van Moses bly daar, maar kom Ek gee vir julle die nuwe wet.* En dan sê Hy *daar wás gesê, daar wás gesê, daar wás gesê...*
Matthéüs 5:38  Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand.

Waar staan dit? Dit staan in Livítikus 24:19 en 20 – dit is ‘n gebod, en ons het netnou gelees: *onderhou alles, jy mag niks bysit en niks wegvat nie.* Wat sê Yahshua? Wat sê Hy van hierdie gebod?

Matthéüs 5:39  Maar Ek sê vir julle dat julle ‘n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

Wat sê Moses? Vergeld hom. Het jy 'n keuse? Kom ons kyk gou:

Levitikus 24:19  En as iemand aan sy naaste ‘n liggaamsgebrek toebring soos hy gedoen het, net so moet ook aan hom gedoen word:
Levitikus 24:20  breuk vir breuk, oog vir oog, tand vir tand dieselfde liggaamsgebrek wat hy aan ‘n mens toebring, moet ook aan hom toegebring word.

Exodus 21:23  Maar is daar ‘n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe,
Exodus 21:24  oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet,
Exodus 21:25  brandplek vir brandplek, wond vir wond, kwesplek vir kwesplek.

Deuteronómium 19:21  <u>*En jou oog mag nie verskoon nie:*</u> lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet.

Kan ek maar sê: *wang vir wang. Moet nie die ander wang draai nie, vergeld die wang.* Jy móét dit doen, jy het nie 'n keuse nie, jy móét vergeld. So, wat is die motief?

Deuteronómium 13:11  En die hele Israel sal dit hoor en vrees, en hulle sal nie meer so ‘n verkeerde ding by jou doen nie.

Deuteronómium 19:20  En die ander moet dit hoor en vrees en nie meer verder by jou so iets verkeerds doen nie.

So, as iemand my op my wang slaan en ek slaan hom terug en daar lê hy, dan gaan die ander dit sien en dit vrees en dit nie meer doen nie. En as my kind jou kind se oog uitsteek, moet my kind se oog uitgesteek word, en die mense gaan dit sien en vrees en dit gaan nie weer gebeur nie – sodra kinders met stokke speel dan gaan almal sê *vat weg die stokke!* Dit is ‘n goeie wet, maar nou kom Yahshua en Hy sê jy moet dit nie doen nie; *draai die ander wang.* Hier is twee gebooie wat teenoor mekaar staan. Is Yahshua besig om die wet van Moses te verander, want Hy mag nie? Is Hy besig om by die wet by te sit? Hy mag nie. Is dit 'n ander wet? Ja, dit is 'n ander wet. Geen jota of titteltjie van die wet sal ooit verbygaan nie: 'n oog vir ‘n oog en 'n tand vir ‘n tand. Nou kom Yahshua en Hy sê *jy mag dit nie doen nie* – Hy sê *jy mag nie die wet van Moses hou nie.* Sien ons dit?

Matthéüs 5:38  Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand.
Matthéüs 5:39  Maar Ek sê vir julle dat julle ‘n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

Dit is ‘n ander gebod van 'n ander wet, anders is Yahshua onwettig. Dit is 'n ander wetboek. So, daar is 'n wetboek van die Ou Verbond en daar is ‘n wetboek van die Nuwe Verbond. Waar is die Nuwe Verbond se wetboek? Kan ek hom lees? Jy kan nie. Waar is dit? Dit is op jou hart en in jou verstand. Hoe kom dit daar? Deur die Heilige Gees wat binne-in my is. Wat gebeur as ek bly by die lees van die wet van die Ou Verbond? Daar is 'n sluier oor my gesig en ek kan nie die Nuwe Verbond sien nie. As jy jou tot God bekeer, word die sluier weggeneem, en dan kán jy sien wat die Nuwe Verbond is, maar slegs nadat jy jou tot God bekeer het. Solank as wat jy hardkoppig is en sê *maar ek hou die wet*, dan bly daar ‘n sluier voor jou gesig.

Hoekom wil jy die wet hou? Dit is 'n bevrediging van die vlees, *dit laat my goed voel, ek presteer, ek hou die wet, ek is beter as jy, ek is gehoorsaam aan God, jy doen dit nie; ek is 'n beter mens*. Jy gaan na God toe en sê *ek is nie so sleg nie; kyk, ek hou die wet* – dit is bevrediging van die vlees, dit is hoekom jy dit doen. Bekeer jou van dit en sien dat jy besig is met jou eie dinge. Jy is besig om 'n onwettige wet te probeer hou en jy kan nie. Die Ou Verbond is verby. Die wet is naby die verdwyning. Sy enigste waarde is om te kyk hoe die wet in Yahshua vervul is. As jy nog die wet hou, dan is jy onwettig.

2 Korinthiërs 3:5  Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God,
2 Korinthiërs 3:6  wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.

Wie was bekwaam gemaak as dienaars van die Ou Testament? Moses en die stam van Levi, maar Paulus sê *ek is nie bekwaam gemaak vir dit nie* – hy wás 'n skrifgeleerde, hy wás 'n Fariseër, hy hét gedink hy was bekwaam vir die Ou Verbond, maar hy leef in die tyd van die Nuwe Verbond. Yahshua sê vir hom *dit is hard om teen die prikkels te skop*. Paulus vra *wat moet ek doen?* Yahshua sê *bekeer jou tot My,* en hy doen dit en hy sê *ek is bekwaam gemaak as 'n dienaar van die Nuwe Testament, nie van die letter [van die Ou Testament] nie, maar van die gees*. Wat soek ons? Letter. Ek was by die letter van die wet, ek kan dit gaan lees – ek lees die tien gebooie: eerste een is dit, tweede een is dat... Wat is die Nuwe Testament se wet? Dit is nie van die letter nie, maar van die gees, *want die letter maak dood en die gees maak lewend.* As ek die Nuwe Verbond probeer letter maak, gaan dit my doodmaak; en mense doen dit.

2 Korinthiërs 3:7  En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer *(Wat was met letters op klippe gegraveer? Die tien gebooie. Wat is die tien gebooie? Dit is die bediening van die dood.)*, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,
2 Korinthiërs 3:8  hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?

So, Moses kry die tien gebooie, hy kry die wet, die mense bewe en hulle sê *moenie laat God met ons praat nie*; en dit is heerlikheid op heerlikheid, maar dit moes tog vergaan. Wat sê die mense wat onder die wet wil wees? Dit is ewig, dit vergaan nie. Paulus skryf, hy sê *ek is bekwaam gemaak as 'n dienaar van die Nuwe Testament, ek sê jou: dit wat gebeur het by Sinai was heerlikheid, maar dit moes vergaan*.

Wat is die Gees? Dit is nie die letter van die Nuwe Testament nie, maar die Gees van die Nuwe Testament.

2 Korinthiërs 3:9  Want as die bediening wat veroordeel *(Dit is die Ou Testament, en wat doen die Ou Testament se wet? Dit veroordeel.)*, heerlikheid was *(by Sinai)*, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid.
2 Korinthiërs 3:10  Want wat verheerlik was *(by Sinai)*, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid *(Heerlikheid van wat? Die Nuwe Verbond)*.

'n Vergelyking wat ek altyd gebruik is: jy gaan saam met 'n groep mense in die Kango Grotte in en die gids wys julle hoe donker dit kan wees as die ligte in die grot af is. Hy sit die ligte af en almal is verstom oor hoe donker dit is, jy kan niks sien nie. Toe hy weer die ligte wou aansit, is daar fout en dit wil nie aankom nie. En nou begin daai mense paniekerig raak, en hier haal 'n persoon 'n flits uit en sit dit aan. Almal sê: *'n Flits! Fantasties, ons kan sien!* En die hele groep stap agter die persoon met die flits, uit. En as hulle buitekant kom, wat gebeur met sy flits? Is daar nog heelikheid aan daai flits? *Want wat verheerlik was (die flits) is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid (van die son) toe hulle buitekant kom*. Hy moet binne in die flits kyk of dit aan is, só groot is die heerlikheid van die son. So, dit wás verheerlik, maar nie by die son nie – nou is dit niks. By die Heilige Gees in die Nuwe Verbond, is die wet van Moses niks.

2 Korinthiërs 3:11  Want as wat moes vergaan *(die Ou Testament)*, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly *(Yahshua die Hoëpriester van die Nuwe Verbond met Sý wet)*, in heerlikheid.
2 Korinthiërs 3:12  Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid;

Wat se hoop? Van die Nuwe Verbond van die heerlikheid van Yahshua. Hy sê ons het nie gekom by die berg Sinai nie, ons het gekom by die berg Sion – ons het baie vrymoedigheid.

2 Korinthiërs 3:13 nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.

So, Moses was 'n sinnebeeld, sy gesig is bedek sodat hulle nie moet sien dat dit in elk geval moet vergaan nie. Dit is 'n sinnebeeld.

2 Korinthiërs 3:14 Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.

Wie se sinne is verhard? Die mense van Moses? Nee: ...*Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament* – waar lees ons die? In Korinthiërs. Dit is nou die tyd van die Nuwe Testament, maar in die tyd van die Nuwe Testament is daar mense wat bly by die lees van die Ou Testament. ...*dieselfde bedekking* – watse bedekking? Dié wat oor Moses se gesig was. ...*dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word*. Wat is dié bedekking in vandag se tyd onder die Nuwe Verbond? *Die lees van die Ou Verbond is 'n bedekking*. Waar? In die oë. En wat is die gevolg?

2 Korinthiërs 3:15 Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, *lê daar 'n bedekking oor hulle hart*;

Waar het Vader gesê gaan Hy die wet skryf? In ons hart en ons verstand. Nou is daar 'n bedekking. Wat is die bedekking? Die lees van die wet.

2 Korinthiërs 3:16 maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.

Hoe raak ek ontslae van die bedekking wat maak dat ek nie die Nuwe Verbond kan sien nie? Vra vir Paulus. Wat het met hom gebeur? Hy het elke dag die wet gelees, hy het mense gaan doodmaak omdat hulle nie die wet wou hou nie. Kon hy die Nuwe Verbond sien? Hy kon nie, daar was 'n bedekking oor sy hart. En toe bekeer hy hom, toe kan hy sien – en hier leer hy ons. Hy sê *ek is bekwaam gemaak as 'n dienaar van die Nuwe Verbond nadat die bedekking weggeneem is*.

2 Korinthiërs 3:17 Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.
2 Korinthiërs 3:18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

Dit gaan nie gebeur as die wet jou versluier nie, jy moet die spieël kan sien. En wat sien jy in die spieël? Die beeld van Yahshua, en dan word ek verander na dieselfde beeld in die spieël. Yahshua is die Gees, en die Gees is in my en Hy verander my om te lyk soos die beeld in die spieël. Wie is die beeld in die spieël? Dit is die Hoëpriester van die Nuwe Verbond – en dit kan slegs gebeur as die bedekking wat oor my hart is, wat die wet van Moses is, weggevat word. Watter deel van die wet? Die hele wet. Maar hoe weet ek dan ek mag nie doodslaan nie? Yahshua het gesê *daar was gesê jy mag nie doodslaan nie, maar Ek sê vir jou, Mý wet sê jy mag nie eers vir jou broer kwaad wees sonder 'n rede nie. Mý wet sê jy moet jou lewe aflê vir jou naaste.* Hoe kan jy jou naaste doodgeslaan kry as jy jou lewe aflê vir jou naaste? Dít is Sy wet. Het ek die wet van Moses nodig? Nee. Werk die wet van Moses teen die hele proses om my te verander? Ja, dit doen. Hoekom wil ek onder die wet wees? Dit is 'n bevrediging van my vlees, dit is vir my lekker, ek voel goed.

Nou het Yahshua gesê in Mat 5:38 – *Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand.* Goed, is dit nou net Yahshua wat dit gesê het, is dit nie dalk nou verkeerd ge-interpreteer nie, of het Hy nie dalk anders bedoel as wat ons lees nie? In die mond van twee of drie getuies sal 'n saak vas staan. Goed, kom ons gaan lees Romeine 12:17;

Romeine 12:17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;
Romeine 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie, dit is wat Hy sê. Wat het Yahshua gesê? Moenie kwaad met kwaad vergeld nie, draai die ander wang. Wat het Moses gesê? Vergeld kwaad met kwaad. Dit is 'n gebod, jou oog mag nie verskoon nie, jy móét dit doen. Wat sê Yahshua? Jy moet dit níé doen nie. Vir wie luister ons? Goed, ons tweede getuie is 1 Petrus 3:9;

1 Petrus 3:9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.

Hoe is ons hiertoe geroep? Yahshua het dit gesê. Hy het gesê *jy mag nie kwaad met kwaad vergeld nie, jy mag nie as iemand jou op die een wang slaan, sy wang slaan nie, maar jy moet jou ander wang draai sodat hy jou nog 'n keer kan slaan. Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie.* Moses sê vergeld kwaad met kwaad. As jy werklik Vader soek, moet jy op hierdie stadium vra *wat gaan hier aan.* As geen jota of titteltjie van die wet ooit sal verby gaan nie, wat gaan hier aan?

Hoe lank heers die wet van Moses oor my? Tot ek sterf. Die wet heers oor die mens solank as wat hy lewe. So, watter wet? Die wet van Moses, maar dit is die wet wat veroordeel, dit is die wet van die dood.

Romeine 7:1 Of weet julle nie, broeders – want ek spreek met mense wat die wet *(van Moses)* ken – dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?

Nou moet jy weer sê: *Vader, ek soek U, maar wat gaan nou hier aan? U sê ek mag nie 'n oog vir 'n oog vergeld nie, maar hier staan die wet heers oor my solank as wat ek lewe; wat moet ek nou doen?*

Romeine 7:2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.

Hy is nie besig om die wet van die vrou en die man se huwelik te bespreek nie, dit is 'n vergelyking – ons moet dit sien: dit is 'n vergelyking. Hy sê 'n man en 'n vrou is getroud, en hierdie vrou mag niks met 'n ander man te doen hê nie, die wet verbied haar solank as wat haar man lewe. Maar, as hy doodgegaan het, dan mag sy dit doen, en dan oortree sy nie die wet nie. So, daar is 'n dood wat jou vrymaak van die wet. Nou sê vers 1 *solank as wat jy lewe is jy onder die wet*.

Romeine 7:3 Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe *(daar is 'n dood)*, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.

Romeine 7:4 So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.

Wat staan hier? Soos sy onder die wet uitgekom het om met 'n ander man te mag trou, só kan jy ook onder die wet uitkom. Vers een sê: *Of weet julle nie, broeders – want ek spreek met mense wat die wet ken – dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?* En vers vier sê: *So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood...* Heers hy oor my as ek dood is? Nee, hy heers oor my solank as wat ek lewe. Nou sê vers vier vir my *soos hierdie vrou vry is van die wet van haar man, so is jy ook vry van die wet, want jy is dood vir hom deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is.* So, Yahshua sterf, en nou is ek nie meer onder die wet nie. Hierdie vrou se man het gesterf, en toe is sy nie meer onder die wet nie en sy kon 'n ander man s'n word. Nou is ék onder die wet, hy heers oor my, maar dit is die gebod van die dood – hy veroordeel my en ek wil onder hom uitkom, ek wil doen wat Yahshua sê, ek wil nie 'n oog vir 'n oog vergeld nie, maar ek lewe nog. So, die wet gaan my veroordeel as ek níé 'n oog vir 'n oog vergeld nie. Maar, nou sê vers vier *Yahshua sterf, en ek word vry as gevolg van Sy dood.*

Vers 4: *So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood* – hoe is ek dood vir die wet? Hier is ek dan, ek lewe? ...*deur die liggaam van Christus.* Wat het met Sy liggaam gebeur? Hy het gesterf. ...*om aan 'n ander te behoort* – aan wie behoort ek nou? Aan die nuwe Hoëpriester. ...*naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is (dit is Yahshua), sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.*

Romeine 7:5 Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.
Romeine 7:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.

...*Maar nou is ons ontslae van die wet:* Watter wet? Die wet van Moses, die hele wet, elke jota en titteltjie. Watter deel van die wet moet ek hou? Niks. Hoekom? Want ek is dood vir hom, ek behoort aan ‘n ander Hoëpriester met ‘n ander wet. As ek nie in Yahshua sterf nie, is ek onder die wet van Moses en ek sal deur die wet van Moses geoordeel word of veroordeel word, want ek kan nie presteer nie, maar as ek in Yahshua sterf is ek dood vir die wet om aan 'n ander te behoort.

...*aangesien ons dit afgesterf het*: Voordat ek weer gebore kon word, moes ek eers sterf. So, ek het my laat doop in die dood van Yahshua – ek het gesterf. En toe? Toe is ek vry van die wet, en toe staan ek op in 'n nuwe lewe en ek het 'n nuwe Hoëpriester en 'n nuwe priester-orde en 'n nuwe wet. En die wet van Moses? Ek is vir hom dood, hy weet nie van my nie en ek weet nie van hom nie. Daai ou (wedergebore mens) wat hy (die wet van Moses) aangekla het, het gesterf in Yahshua – hy het die wet oortree, maar Yahshua het daai uitstaande rekening betaal. Yahshua het nie die rekening weggegooi nie. Bestaan die wet nog? Ja, geen jota of titteltjie van die wet sal ooit verby gaan nie, maar ek kan dood wees vir die wet, ek kan onder die wet uitkom. Hoe? Deur te sterf vir hom. As ek fisies sterf vir hom gaan dit my nie help nie, dan gaan hy my veroordeel, maar as ek ín Yahshua sterf, sal Yahshua se geregtigheid my oordek en Sy prestasie sal my rekening betaal – daarom is ek nou onskuldig en die wet kan my nie veroordeel nie. Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.

Romeine 7:7  Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.

Wat sê vers sewe? Die wet maak my bewus dat daar iets is soos sonde, iets wat verkeerd is. As jy in Abraham se tyd vir iemand gesê het *jy mag nie doodslaan nie*, dan het hy vir jou gesê *wie is jý om vir my te sê ek mag nie doodslaan nie?* Moses sê vir sy broer *hoe kan jy jou naaste doodslaan* en hy sê vir hom *wie is jy om vir my te sê?* – en woeps, hier kom die wet, en die wet sê jy mag nie doodslaan nie. Die wet maak jou bewus dat daar iets is soos sonde. Die wet is nie 'n opgeskrewe lys van sonde nie. Baie mense dink dit is. Die wet sê *slaan hom terug*. So, wat is nou sonde? Om hom terug te slaan of om hom nie terug te slaan nie? Die wet is nie 'n lys van sonde nie, die wet maak my bewus van sonde sodat ek nie kan sê *maar, ek het nie geweet nie.* Nou is ek bewus daar is sonde en nou kom die wet van Yahshua in my hart en die wet van Moses het gesê *jy mag die doodslaan nie,* maar jy kon hom goed geslaan het, net nie dood nie – as hy na drie dae nog met sy stok kan loop, dan is daar geen skade nie. Wat sê Yahshua? *Jy mag hom nie slaan nie, draai die ander wang* – dit is ‘n ander wet. Die wet van Moses het ons bewus gemaak van sonde.

Romeine 7:8  Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.

Ek is nou sonder wet, ek het mos gesterf? So, terug na die wet toe: geen jota of titteltjie van die wet sal ooit verbygaan nie en hy sal jou veroordeel, maar jy moet onder die wet uitkom. Hoe kom ek onder hom uit? Ek sterf vir die wet – die wet gaan deur 'n lys name van almal wat hom lees; my naam is nie meer daar nie – daar is ‘n streep deur my naam en langsaan staan *dood*. Maar, hier is ek dan? Hoe is ek dood? Ek het in Yahshua gesterf. So, nou kom die wet en hy deel al sy rekeninge uit, en jy moet geoordeel word volgens jou dade – dit is wat die wet doen. Jy moet die loon van jou sonde kry, en die wet gaan deur daai lys name en hy deel dit uit. En wat is die straf? Die dood, God het so gesê – en almal word gedood, maar my naam is nie op daai lys nie. Hoekom nie? Daar staan dood – ek is dood; *okay, hy is klaar dood, volgende*... Maar hier is ek dan? Wat is die verskil? Ek het in Yahshua gesterf en toe word ek weer 'n keer gebore in Yahshua, 'n nuwe skepsel, en ek is nou in 'n nuwe priester-orde met 'n nuwe Hoëpriester, met 'n nuwe wet. Kan ek nou wetteloos lewe?

Romeine 6:1  Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

*Ek is mos nou vry van die wet* – dit is presies wat die mense gesê het. Paulus verduidelik vir hulle: dit is die Ou verbond en dit is die Nuwe Verbond – dit is om te sterf in Yahshua en dit beteken jy is nie meer aanspreeklik vir jou sonde nie, Hy het gesterf vir dit. Jy word nie meer deur die wet geoordeel nie, want jy is nie meer onder die wet nie. *Kan ek dan nou maar sonde doen?* Wat het die wet gedoen? Dit het my net bewus gemaak van sonde. Sonde is nog daar, sonde is nie die oortreding van die wet nie – mense sê dit. Soms kan jy die wet van Moses hou, en jy oortree deur iemand terug te slaan. So, sonde is nie die oortreding van die wet nie. Sonde is wetteloosheid. Watter wet? Die wet van Yahshua. Wat gebeur met daai sonde van my? Dit is op Yahshua – dit is juis wat die Nuwe Verbond is, dit is 'n genade-verbond. Die Ou Verbond is nie ‘n genade-verbond nie – jy oortree, jy word gestraf. Die Nuwe Verbond is ‘n genade-verbond. Yahshua sê: *Ek betaal vir jou sonde – jy gaan nie kan ophou sonde doen nie, jy is in die sondige vlees en jy is van nature geneig tot die sonde, maar Ek betaal vir dit. Dit wat jy nog gaan doen, dit betaal Ek voor.*

Wat sê ek nou? Kan ek in die sonde bly, want hoe meer sonde ek doen hoe meer genade is daar van Yahshua?

Romeine 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Hoe het ek dit afgesterf? Ek het in Yahshua gesterf, ek het 'n nuwe skepsel geword – ek haat die verkeerde, die Gees van God is in my, ek word soos Hy, ek wil nie die verkeerde doen nie. Dit is soos om te sien hoe iemand mishandel word; hoe voel dit vir jou as jy sien iemand word mishandel? Jy gaan daai ou dadelik help! Hoekom? Want daar is iets binne-in jou, want hoe meer jy soos Yahshua word hoe meer gril jy vir sonde, hoe meer wil jy níe sonde doen nie. Jy het nie 'n wet van Moses nodig wat vir jou sê *as jy nie dít doen nie, gaan hulle jou met klippe doodgooi.* Jy het nie die vrees nodig om te sê *as jy daai ou slaan, gaan jy teruggeslaan word; As jy daai ou se hand breek, dan gaan jou hand gebreek word; As jy daai ou se voet afkap, gaan jou voet afgekap word* nie – dit is vrees. Maar, nou kom Yahshua in my en Hy verander my, en nou wil ek wees soos wat Yahshua is – dit is my wil, ek het verander.

Nou sê vers een as jy dink dit is nou net 'n verskoning om in die sonde te bly, het daar wedergeboorte gebeur? Is jy 'n nuwe skepsel? Jy begeer dan nog die verkeerde – daar is fout iewers...

Romeine 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Wat gebeur as ek gedoop word? Ek sterf vir die wet.

Romeine 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Het die wet enige gesag oor my? Niks, ek het gesterf. Die wet heers net oor my solank as wat ek lewe, maar ek hét gesterf toe ek my in Yahshua gedoop het. Beteken dit ek gaan nou volhard in die sonde, want ek is vry van die wet? Nee, *want hy wat die sonde afgesterf het, hoe kan hy nog daarin lewe?* Waarmee is jy besig, wat doen jy?

Wat is nou die gevaar van: *ja maar, kan ek nie maar net een van die wette hou nie?* Nee, nul, niks, want as jy een hou is jy onder verpligting om die hele wet te hou. Ek is nou vry van die wet, maar nou hoor ek as ek een wet wil hou, dan is ek onder verpligting om almal te hou. So, nou gaan ek gou deur die lys en dan dink ek: *nee-nee, ek hou nie sabbat nie, ek hou nie pasga nie, ek is nie besny nie, niks van daai nie*... Maar, hoekom slaan jy nie dood nie? Omdat die wet so sê? As jou antwoord *ja*, *want die tien gebooie sê ek mag nie doodslaan nie* is – as dit die rede is hoekom jy nie doodslaan nie, dan hou jy die wet van *jy mag nie doodslaan nie*. En as jy hom hou, dan is jy onder verpligting om die hele wet te hou – en daar boemerang alles. Hoekom slaan ek nie dood nie? Want Yahshua sê *jy slaan nie dood nie* – ek word gelei deur die Gees van God, nie deur die wet van Moses nie. Dit is 'n openbaring wat ons moet sien: ek hou nie die tien gebooie nie, want as ek een van die tien gebooie hou, is ek onder verpligting om almal te hou.

Galàsiërs 5:3 En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou.
Galàsiërs 5:4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.

As jy een wet wil hou, dan is jy onder verpligting om almal te hou. Hoekom? Dit is die wet, ons het dit nou gesien toe ons gelees het in Deuteronómium, *die hele wet* – dit is een wet, jy mag niks bysit en jy mag niks wegvat nie. As jy een hou, moet jy almal hou. Die oomblik as ek een hou omdat ek geregverdig wil wees deur die wet, is ek losgemaak van Christus – *julle het van die genade verval*. Wat is die genade? Ten spyte van my sonde, word ek verlos – dit is genade. *Uit genade is julle gered, nie uit werke nie.* Nou verval my genade, nou word ek geoordeel volgens my werke, en dan? Vanselfsprekend gaan ek veroordeel word, want doen ek my werke? Dit is verskriklik! Selfs na wedergeboorte is daar nie genade nie, want ek hou net een wet. Hier staan besny, of pasga, of sabbat, of jy mag nie doodslaan nie, of watookal – geen wet. Dit is almal of geen. Ek is óf dood vir die wet óf ek hou die wet.

Die oomblik as ek een van die wette hou, *jy mag nie doodslaan nie*, is ek onder ál die wette. So, wat doen ek met dit? Ek skuif dit van my af weg – dit verblind my dat ek nie kan sien nie. Ek het nie die wet nodig om my te lei nie, ek het die Gees van God in my om my te lei.

Dit is soos in die ou dae: as jy iewers heen gegaan het, het jy 'n padkaart gevat: nou gaan jy Johannesburg se middestad toe met 'n padkaart – my goeiste, wat 'n gesukkel! Elke twee of drie kilometer trek jy af en haal die kaart uit jou sak uit en dan kyk jy eers waar jy is en waar gaan jy nou heen; wat is die pad, want ek ken nie Johannesburg nie – en nou is ek weer op 'n verkeerde pad. Hoe doen ons dit vandag? Ek sit die adres op my GPS, en daar gaan ek. Moet ek iewers stop? Nee, ek word gelei deur my GPS. Ek wás gelei deur my kaart, nou word ek gelei deur my GPS. Nou besluit ek: *nee wat, ek is ouskool;* dan bêre ek my selfoon en ek haal die kaart uit. Hoekom doen jy dit? *Want ek voel beter, ek kan vir die mense sê ek gebruik 'n kaart* – vêrder is dit 'n gesukkel.

So, wil jy nou gelei word deur die wet, en hy lei jou inelkgeval na die dood toe, of wil jy gelei word deur die Heilige Gees? Maar, ons dink die Gees is nie in staat om te verhoed dat ons slegte lewens lei nie – *sonder die wet sal ek nie weet om nie dood te slaan nie.* Dit is net omdat jy nie die Gees van God ken nie, daar is 'n sluier voor jou oë, jy kan dit nie sien nie. Bekeer jou tot God en die Gees van God sal in jou kom, en Hy sal jou verander om te word soos die beeld in die spieël en jy sal weet wat is die regte pad om te loop. Die Gees sal vir jou sê: *gaan links of gaan regs*. Baie mense dink dit is letterlik: *as ek Johannesburg toe gaan, dan gaan die Gees dit doen* – Hy kan, maar dit is nie wat Hy bedoel nie. Die wet het gesê: *jy mag, jy mag nie.* Nou sê die Gees *gaan links of gaan regs*. So, in plaas van *gebod op gebod, reël op reël, hier 'n bietjie daar 'n bietjie, raak nie, smaak nie, roer nie aan nie*, word ek gelei deur die Gees.

Dít ís die evangelie; daar is 'n Nuwe Verbond. Yahshua is Hoëpriester van die Nuwe Verbond. So, Exodus 20 is nie *Die wet van die Here nie,* dit is die tien gebooie én die res van die wet van die Ou Verbond – nie dat dit nie van Yahweh af was nie, maar dit was vir 'n tydvak. Nou is ons onder die wet van Yahshua, 'n nuwe tydvak. Wat is die bepalende faktor van die twee? Die Heilige Gees. Die Heilige Gees was nie in die Ou Verbond nie – Yahshua was nog nie verheerlik nie, so, die Heilige Gees was daar nog nie – dit beteken nie dit het nie bestaan nie, Hy was net nog nie uitgestort nie. Die uitstorting van die Heilige Gees het na die verheerliking van Yahshua gebeur. Wat is die uitstorting van die Heilige Gees? Die Heilige Gees kom bly binne-in die mense. Het dit gebeur in die Ou Verbond? Nee. Hoekom nie? Want Yahshua was nog nie verheerlik nie. So, die mense kon nie deur die Heilige Gees gelei word nie. Nou is ons in die Nuwe Verbond en die Heilige Gees is in my en ek word gelei deur die Heilige Gees – dít is die bepalende faktor. Hoekom was daar 'n wet in die Ou Verbond, letter wat jy kon gaan lees? Want die Heilige Gees was daar nog nie, jy moes dit gaan lees. Waar is die wet nou? In my hart en in my verstand. Wie administrateur en beheer dit? Die Heilige Gees binne-in my, daarom is daar nou 'n Nuwe Verbond.

Wat gebeur as ek teruggryp na die Ou Verbond en die wet? Ek ontken die die Heilige Gees. Vader waarsku ons baie ernstig oor die Heilige Gees. Wat sê Hy? Dat iemand wat laster teen die Heilige Gees nie vergewe kan word nie. So, pasop, pasop, pasop! Die Heilige Gees is in my, maar ek sê, *Heilige Gees, ek weet nie of U in staat is om my te verhoed om dood te slaan nie, ek sal liewers op Moses staatmaak*. Dit is wat ons doen! Is dit nie laster nie? Sien ons dit? Nee, ons is so groot in ons eie oë; *ek sal besluit, ek sal die pad bepaal, hierdie lyk vir my logies, ek dink dit werk só* – en daar is 'n nuwe kerk. Daar is net een pad, al die ander paaie lei na die dood. Daar is 'n weg wat vir die mense reg lyk, en dit is gewoonlik my eie weg, dit is die een wat vir my sin maak – die einde daarvan is die weë van die dood. Pasop vir daai pad.

In die Nuwe Verbond is ons vervul met die Heilige Gees, dit is 'n *inwonende Gees* – God in my ek in Hom. Hoe is Hy in my? Deur Sy Gees, en dit kon eers gebeur na die uitstorting. Wanneer kom bly die Gees van God in my? Na wedergeboorte. Wat gebeur met wedergeboorte? Ek word 'n nuwe skepsel. Ek verander van 'n vlees-mens na 'n gees-mens. En wat gebeur met my sonde? Dit is weg. Ek is volmaak skoon, sondeloos – en dit is 'n groot openbaring om te sien. Hoe weet ek dit, want ek gaan nie veroordeel word nie? Ons gaan veroordeel word vir die kleinste oortreding, so, dit beteken ek het geen oortredings nie. As ek na myself kyk dan vra ek *hoe werk dit?* Maar dit is Yahshua wat vir my die prys betaal het. So, ek is skoongewas, en slegs dán sal die Gees van God binne-in my kom bly, want as ek skuldig is aan my sonde dan is ek, kan ek maar sê, donker, duister, en nou moet die Lig in my kom bly? Hy sal nie. So, na wedergeboorte is ek gewas deur die bloed van die Lam. My sondes is so vêr soos ooste van die weste af – so vêr is my sondes verwyder van my, ek is letterlik skoongewas. Dit is iets wat ons sukkel om te verstaan, omdat ons onsself ken, maar ek is skoongewas. My sonde is op Hom. Wanneer ek vandag sonde doen, gaan dit direk na Hom toe, want Hy het vir my gesterf. Hy het vir daai sonde gesterf.

Rom 11:33 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
Rom 11:34 *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
Rom 11:35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
Rom 11:36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*